polokwane OBSERVER

Macadamia @ THE ALOES
ASSISTED LIVING ESTATE

Voordele van lewensreg by Macadamia @ The Aloes

>> Geen bekommernis oor versekering, heffings of belasting nie

>> Reg soortgelyk aan geregistreerde langtermynhuurkontrak

MARKI FRANKEN
>>marki.observer@gmail.com

Die Macadamia Care Sorgsentrum word deur 'n professionele span bestuur. Voor is Christa Venter, verpleegassistent, en Karien van Rensburg, versorgingsbestuurder. Agter is Susan Horn, administratiewe werker, en Annelie van Staden, verpleegsuster.

Links: Rob Jones, direkteur van MacCare NPC, verduidelik die wetlike aspekte van lewensreg. Regs: Ansie Marais, prinsipaal van Fine & Country Polokwane, die eiendomsagentskap wat Macadamia Care-pakette bemark, gesels oor die belangrikheid van beplanning vir mens se oudag.

Die kwessie van lewensreg is verlede Woensdag na lengte tydens die opening van Macadamia @ The Aloes se sorgsentrum in Polokwane bespreek.

Macadamia @ The Aloes is 'n aftree-oord wat deel van The Aloes Lifestyle Estate is en is 'n toonbeeld van moderne en luukse elegansie met gespesialiseerde dienste vir senior burgers.

Ansie Marais, prinsipaal van Fine & Country Polokwane, die eiendomsagentskap wat Macadamia @ The Aloes-pakette bemark, en Rob Jones, direkteur van MacCare NPC en kenner op die gebied van aftrede, het verduidelik hoe hierdie verblyfopsie werk.

Definisie

Lewensreg is 'n regsterm wat in die praktyk 'n reg van okkupasie aan 'n persoon daarstel, sonder dat so 'n persoon eiendomsreg vestig. Hierdie reg is soortgelyk aan 'n geregistreerde langtermynhuurkontrak.

Hoe lewensreg by Macadamia @ The Aloes werk

Marais het verduidelik dat lewensreg soos huur is wat vooruitbetaal word met die verskil dat die kapitaal terugbetaal word wanneer die eenheid weer verkoop word, terwyl geld wat aan gewone huur bestee is nie teruggegee word nie.

Daar is tans nege lewensregeenhede by Macadamia @ The Aloes beskikbaar. "Die inwoner betaal ongeveer R800 000 vir lewensreg by Macadamia @ The Aloes. Daarby word 'n maandelikse fooi vir dienste volgens die inwoner se persoonlike behoeftes deur versorgingsbestuurder, Karien van Rensburg, uitgewerk." Die persoon wat lewensreg het, betaal geen versekering, heffings of belasting nie, want die eenheid behoort aan 'n niewinsgewende organisasie wat tans in registrasieproses en wettige eienaar van die eenheid is. "Die inwoner betaal slegs vir dienste gebruik soos versorgingsdienste, water en elektrisisteit," het Jones gaste verseker.

Daar is tans lewensreg op eenkamereenhede (bachelors' flats) sowel as eenslaapkamerwoonstelle by Macadamia @ The Aloes beskikbaar.

Wanneer behoeftes verander

Volgens Marais kan inwoners van Macadamia @ The Aloes wat op 'n lewensregpakket besluit ook na mate van tyd en soos behoeftes verander van die oorspronklike kapitaal vir versorgingskoste gebruik. "Die geld wat vooraf betaal is, kan dan gebruik word om betalings aan te vul. Dit beteken dat bejaardes nie op straat beland wanneer hul nie meer vir sorg kan betaal nie. Lewensreg beteken net dit, die reg om lewenslank hier te woon," het sy gesê en bygevoeg dat dit baie lank sal neem om sowat R800 000 op te gebruik.

Na inwoner se afsterwe

"Indien 'n inwoner met lewensreg tot sterwe sou kom en die geld wat betaal is nog onaangeraak is, sal die geld aan die oorledene se boedel uitbetaal word en in gevalle waar van die geld vir maandelikse fooie en heffings gebruik is, sal die verskil aan die boedel uitbetaal word," sê Jones en voeg by dat lewensregte tot niet gaan wanneer die afgetrede persoon te sterwe kom. Dit kan gevolglik nie deur nie by wyse van 'n testament oorgedra word nie en gaan terug na die ontwikkelaar by beëindiging daarvan.

"Lewensreg beteken dat jy nie net die las van jou versorging op jou oudag van jou kinders en naastbestaandes se skouers afhaal nie, maar ook dat daar heel moontlik ekstra geld in die boedel sal wees wat jou erfgename sal kan erf," voeg Marais by.